Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Donderdag, 20 Februarie 2019
Nuusbrief no 4 / 2019

Goeie dag liewe Osieteddie mamma en pappa,

Dit is heerlik om te rapporteer dat dit goed gaan met die kleuters in hulle onderskeie klassies. Al die werksaksies is op dreef, en ons is opgewonde oor alles wat so mooi in plek val.

Aanpassingsverslae

- Ons maatjies het die afgelope 6 weke mooi geleer om aan te pas by ‘n nuwe juffrou, die klasroetine en ons skooltjie se aktiwiteite. Dit alles is ‘n reuse uitdaging en ons is super-trots op ons Teddies!
- Volgende week gaan u elkeen ‘n kansie kry om met die klasjuffrouens ‘n afspraak te maak en die aanpassing van u kleuter te bespreek.
- Dit is ons skooltjie se beleid dat geen verslag net huistoe gestuur word sonder ‘n onderhoud nie. Ek wil asseblief dit op u hart druk dat albei ouers hierdie afspraak sal nakom.

Selfone, WA-groepe en boodskappe

Wat het ons sonder selfone gedoen? Ja, né… ‘n debat op sy eie!
Dit het egter nodig geword dat ons so paar riglyne neerlê t.o.v ons WA-groepies.

- Geen advertensies of bemarking word op die groepies toegelaat nie
- Die groepie is nie ‘n *broadcast* nie, omdat ons kommunikasie wil aanmoedig – MAAR, effektiewe kommunikasie asb! M.a.w., ons gee inligting deur en u reaksie daarop is welkom.
- Waak asseblief teen onnodige opmerkings en kommentaar.

Vrydag, 8 Maart 2019 ondersteun ons PERS VIR KANKER

- Ons dra die dag **pers**
- plakkers is @ R10 elk beskikbaar by die klasjuffrouens
- prysie vir die kleuter wat die meeste plakkers verkoop
- Saterdag, 9 Maart 2019
  - Gemeenskapsmark by Peter Mokaba Stadion, vanaf 8 tot 3 uur
  - neem ons personeel deel aan die Relay. Kom ondersteun ons! Ons stap van 3 uur tot 10uur die aand

- indien u meer inligting benodig / of self ‘n besigheid wil inskryf, kan u gerus kom gesels

Ken-mekaar, lekkerbraai, kostrollie-trekking: Maandag, 11 Maart

Elke Osieteddie-gesin word uitgenooi om van 17:30 af saam te kom kuier op Oosskool se rugbyveld. Osieteddies sal die vure en die bykosse voorsien, u pak net ‘n piekniekmandjie, eetgerei, glase en drinkgoed. Moet asseblief nie u stoele en/of piekniekkomberse vergeet nie!

Dankie, aan elke mamma of pappa wat êrens by ‘n werksaksie van die skooltjie betrokke is, ons het groooooot waardering vir julle tyd en bereidwilligheid om betrokke te raak. Dankie ook, vir al ons bederfies tydens Valentynsdag.

Geboue en die terrein / gesoek:

- Ek wil ‘n deur laat deur / inbreek. Ek het reeds 1 kwotasie gekry, maar ek hou my asem op! Enige ouers of persoonlike kontakte wat eerder genader kan word vir ‘n kwotasie / die werk?
- Ek is opsoek na hout kabeltolle – groot ‘seblief!

Onthou ook om u kleuter daagliks te vertel hoe kosbaar hulle is!

Gedagte vir die week: “Gee liefde oral waar jy gaan. Moet nooit dat iemand na jou toe kom sonder dat hy ‘n gelukkiger mens van jou wegstap nie.” – Moeder Teresa.

Geniet die res van die week.

- **Onthou: elke kleuter MOET elke dag uitgeteken word!!!**

Vriendelike Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL